

'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004–2007

Leti Kleyn
Universiteit van Pretoria

[Jou persepsie] hang waarskynlik alles af van hóé wyd jou opvatting van die poësie is. – Joan Hambidge¹

Abstract

A different overview of Afrikaans poetry of 2004–2007

In this article an overview is provided of Afrikaans poetry for the period 2004–2007. Book publications and activities concerning Afrikaans poetry, such as arts festivals, radio programmes and websites, are discussed. Background information on the publishing trade is also provided, and common misconceptions debunked. The particulars of individual publishing houses and publications are contained in Appendix A.

Opsomming

'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004–2007

Hierdie artikel verskaf 'n oorsig van die Afrikaanse poësie vir die tydperk 2004–2007. Boekpublikasies en aktiwiteite rondom die Afrikaanse poësie, soos die verteenwoordiging by kunstefeeste, radioprogramme en webtuistes word bespreek. Verder word in hierdie artikel heersende wanpersepsies ontbloot en agtergrondinligting oor die uitgewersbedryf verskaf. Die besonderhede van individuele uitgewers en publikasies is vervat in Bylae A.

1. Inleiding

Bernard Odendaal (2006d) sowel as Elbie Adendorff (2003 en 2006) bespreek die stand van die Afrikaanse poësie met direkte verwysing na uitgewerspraktyke en die boekbedryf – 'n gebruik wat nie algemeen is onder literére kritici wat hulle met bestekopnames besig hou nie.² Die uitgewers in Suid-Afrika speel ook een van die bepalendste rolle in die ontwikkeling van die letterkunde. As mens na die aantal digbundels kyk wat in die tydperk 2004–2007 verskyn het en dit met die inligting in bogenoemde Odendaal- en Adendorff-studies vergelyk, blyk onder meer watter uitgewers aan die voorpunt van publikasies in dié genre staan, watter tipe bundels voorkeur bo ander geniet, en hoe die uitgewers te werk gaan

om jong talent te ontwikkel en sodoende 'n volgende geslag digters na vore te bring.

In die kort bestek van vier jaar, 2004–2007, het 182 digbundels verskyn, waarvan 76 deur gevestigde uitgewers³ gepubliseer is, 73 deur randuitgewers⁴ en 33 deur individue self.⁵ Dit lyk dus of dit sedert 2004 besonder goed gegaan het met die Afrikaanse poësie, vergeleke met die benarde posisie waarin dit 'n paar jaar tevore was (Adendorff 2003, 2006; Odendaal 2006d; Visagie 2007). Benewens die 179 digbundels het ook enkele klassieke toonsettings, musikale verwerkings en voorlesings op CD, DVD's, e-boeke en multimediaproducte verskyn. Verder was daar in die media vele berigte oor literêre polemiek, oor onder meer 'n verspreidingsverbod (sekerlik die eerste noemenswaardige literêre hofsaak sedert sensuurwetgewing opgehef is), 'n omstrede voorblad, minstens twee aantygings van plagiaat, en meer verlepte beskuldigings dat die literêre bedryf 'n "bloedskandelike, benepe affère" is en geen "nuwe bloed" kry nie (Marais in Loots 2005a:5).

Daar is weinig sprake van paniek oor die afname in die publikasie van digbundels, want hóé sleg mens ook al dink dit met die poësie gaan, as jy genres begin vergelyk wat publikasies betref, besef jy baie gou dat poësie nie die genre is wat die swaarste kry nie. Hennie Aucamp (2005:15) verduidelik: "[Dit] val op dat daar dikwels meer poësiebundels per jaar verskyn as kortverhaalbundels, essaybundels en dramas ... Kortom, poësie is in die verlede keer op keer verwen en begunstig bo ander genres."

Uitgewer en boekhandelaar Nicol Stassen (2007) voel inderwaarheid sterk daaroor dat daar te veel digbundels verskyn, en dat die gehalte daarvan nie altyd prysenswaardig is nie – 'n slaggat waarin hierdie uitgewer oënskynlik self trap, want die bekroonde digter en joernalis Charl-Pierre Naudé (2004:13) lê twee keer die toekenning vir die "laagtepunt in die Afrikaanse digkuns" voor Stassen se deur op grond van die aantal gebreke in bundels en publikasiekeuses.

Resensies van digbundels toon oor die algemeen min genade vir swak inhoud, afronding en aanbieding. Uitgewers loop skerp onder kritiek deur. Aan die ander kant bestaan daar uiteenlopende menings oor die literêre kwaliteit en smaak. Die digter Danie Marais (in Crous 2007:14) relativeer literêre smaak soos volg: "... ek dink nie mens hoof kritiek ter harte te neem wat jou misverstaan laat voel nie."

Hoewel aanhangsel A en die statistiek wat daaruit ontleen is, nie aanspraak maak op volledigheid nie, is dié een van die min studies wat ook fokus op digbundels wat nie deur die groot uitgewers gepubliseer is nie, maar deur randuitgewers, instansies en selfpublikasies, en sodoende 'n vollediger geheelbeeld van die huidige situasie verskaf.

2. Hernude belangstelling in ou digters

In 'n onderhoud oor die poësieproduksie *Ouhout* sê Rademan en Meyer dat teatergehore blykbaar steeds agter die "ou name" of sepiesterre aantrek (Smith 2006:16). Dié opmerking is ewe geldig vir die poësie, want in 2004–2007 was daar hernude belangstelling inveral die ouer Afrikaanse digters. Die ganse oeuvre van Eugène N. Marais is weer in heruitgawes en herdrukke beskikbaar gestel. Sy *Versamelde werke* verskyn saam met die heruitgawe van *Dwaalstories*, *The soul of the white ant* en *The soul of the ape* in 2006 by Human & Rousseau. Leon Rousseau se biografie, *Die groot verlange* (2005), sowel as *Die siel van die mier* (2007) word deur Protea Boekhuis herdruk. Johann Lodewyk Marais lewer 'n bydrae tot die behoud van Marais in die volksgeheue deur die samestelling van

die geleentheidsbundel *Honderd jaar later: Ter viering van die publikasie van Eugène N. Marais se "Winternag" op 23 Junie 1905* (Praag 2005) en sy bydrae tot literêre toerisme met die Marais-toere na Pelindaba in September en Oktober 2007. "Eugène Marais – 'n hoorbeeld", met toonsettings deur Niel van der Watt, word in 2006 deur Carel Trichardt, Petru Wessels, Ronel Beukes en Linette van der Merwe by onder meer die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) opgevoer. Voorts verskyn Jacques Coetze se vertaling van *Dwaalstories as The rainbull and other tales from the San* (Human & Rousseau, 2007). Marais se versamelde gedigte word in *Die volledige versamelde gedigte van Eugène N. Marais* (Protea Boekhuis, 2006) gebundel onder redakteurskap van onder andere J.C. Kannemeyer, maar "onvolledig" en nie foutloos uitgegee nie (Marais 2006: 11), 'n lot wat selfs in 'n groter mate die *Versamelde gedigte* van Sheila Cussons (Tafelberg, 2006) te beurt gevall het (vergelyk De Lange 2006, Hambidge 2006c en Hugo 2006).

Ook in N.P. van Wyk Louw is daar hernude belangstelling met die publisering van en polemiek rondom *Ek ken jou goed genoeg: Die brieuwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw, 1936–1939* (Protea Boekhuis, 2004), ingelei en versorg deur J.C. Kannemeyer, asook *Die oop gesprek: N.P. van Wyk Louw-gedenklesings* (LAPA, 2006).

Ingrid Jonker herleef met 'n tweede (meer omstrede) dokumentêre prent, *Ingrid Jonker – Her lives and times*, deur die filmmaker Helena Nogueira, 'n film rondom Jonker se rol gedurende Sestig (www.ingridjonker.com, 2007); die publikasie van *Gesprekke oor Ingrid Jonker* (byeengebring deur Lucas van der Merwe vir Hemel & See Boeke, 2006); vyf herdrukke van *Ingrid Jonker: Beeld van 'n digterslewe* (Hemel & See Boeke, 2007) en 'n derde (sagteband-) uitgawe van die *Versamelde werke van Ingrid Jonker* (Tafelberg, 2006). In 2007 verskyn nuwe Engelse vertalings van haar gedigte deur Antjie Krog en André P. Brink as *Black butterflies* (Human & Rousseau) en stel Hemel & See Boeke die Engelse vertaling van *Ingrid Jonker: Beeld van 'n digterslewe as Ingrid Jonker. A poet's life* in die vooruitsig vir 2008.

Antjie Krog se literêre statuur het gedurende dié tydperk toegeneem. Van al die bundels wat in die betrokke tydperk verskyn, word die grootste aantal resensies en ruimte in die pers aan haar bundels afgestaan. *Eerste gedigte* (oorspronklik in 1984 deur Human & Rousseau uitgegee) en *Lady Anne* (oorspronklik in 1989 deur Taurus uitgegee) word in 2004 deur Human & Rousseau herdruk. Sy vertaal en bring 37 tekste van San-digters in *Die sterre sê "tsau"* byeen, wat terselfdertyd in Engels verskyn – en ten opsigte waarvan Steven Watson haar van plagiaat beskuldig. Sy publiseer 'n tiende digbundel, *Verweerskrif* (Umuzi, 2006) – met 'n eksplisiete omslagfoto deur David Goldblatt – wat terselfdertyd in Engels as *Body bereft* verskyn, waarvoor sy in 2007 die Protea Poësieprys ontvang. 'n Keur uit haar bekroonde bundel *Kleur kom nooit alleen nie* word deur Robert Dorsman in Nederlands vertaal en as *Wat de sterre zeggen* (Podium, 2004) gebundel. Saam met Alfred Schaffer tree Krog op as medesamesteller van die derde volume in die debuutreeks *Nuwe stemme* (Tafelberg, 2005), wat ook 'n werkswinkel met die voornemende digters behels.⁶

Benewens die herdruk en 'n vertaling van Jonker se *Versamelde werke* verskyn daar versamelings en keure uit die werk van Breyten Breytenbach (*Die ongedanstie dans: gevangenisgedigte 1975–1983*, Human & Rousseau, 2005); Sheila Cussons (*Versamelde gedigte*, Tafelberg, 2006); Philip de Vos (*Mallemeuleman: 'n keur uit Philip de Vos se versies*, Human & Rousseau, 2004); Elisabeth Eybers (*Versamelde gedigte*, Human & Rousseau, 2004); Ina Rousseau (*Die stil middelpunt*, Human & Rousseau, 2004); Wilma Stockenström (*Die stomme aarde: 'n keur*, Human & Rousseau, 2007); en Barend J. Toerien (*Om te*

onthou: Versamelbundel ter viering van die digter se 85ste jaar, Protea Boekhuis, 2007).

Tot die Afrikaanse letterkunde word 'n nuwe uitgawe van (en hernude debat oor) J.C. Kannemeyer se *Die Afrikaanse letterkunde, 1652–2004* (Human & Rousseau, 2005) toegevoeg, en ook deel 3 van *Perspektief en Profiel: Afrikaanse literatuurgeschiedenis* (Van Schaik, 2006), onder redakteurskap van H.P. van Coller, waarin een afdeling uitsluitlik aan die poësie van 1998–2003 en die profiele van tien digters afgestaan word.

3. Die struktuur van die uitgewersbedryf

3.1 Afrikaanse uitgewers in Suid-Afrika

Sedert 2000 het nege (hoofsaaklik) Afrikaanse uitgewers in Suid-Afrika digbundles gepubliseer.⁷ Hiervan is die drie grootste uitgewers op grond van verkope/omset Nasionale Boekhandel (NB), wat ongeveer 70 persent van die Afrikaanse boekmark besit (Barnard, in Adendorff 2006); LAPA, wat na raming 10 persent van die oorblywende mark besit (Volschenk, 2007), en Protea Boekhuis, met ongeveer 3 persent van die mark (Stassen, 2007). Die oorblywende 17 persent is afkomstig van ander uitgewers, randuitgewers, tradisioneel nie-Afrikaanse uitgewers en selfuitgewers. Hierdie syfers wys dat 'n uitgewer se katalogus nie as maatstaf vir (finansiële) sukses en volhoubaarheid van publikasies gebruik kan word nie.

3.2 Die grootste onder die uitgewers: Nasionale Boekhandel, LAPA en Protea Boekhuis

Nationale Boekhandel, LAPA en Protea Boekhuis se bestuursmodelle verskil. Elk het unieke voordele wat bemarkings- en verspreidingsmoontlikhede betref en die vraag laat ontstaan of dit regverdig sou wees om hierdie maatskappye met mekaar te vergelyk.

Via Afrika is deel van die mediamaatskappy Naspers, wat op die aandelebeurs genoteer is. Dié maatskappy omvat 'n aantal onafhanklik funksionerende uitgewershuse. Onder die NB-uitgewersembleem is daar Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela Boeke, Pharos, Best Books en die vyf liefdesverhaaldrukkersname, Jasmyne, Mirre, Melodie, Hartklop en Satyn. Via Afrika het ook uitgewers wat hierdie groep verbind word: Van Schaik Uitgewers, Content Solutions, Lux Verbi Bybelmedia, Jonathan Ball Publishers, Nasou Via Afrika, en ander. Verder besit Naspers Paarl Media (wat die Paarlse Drukkers Maatskappy insluit), die On the Dot-verspreidingsmaatskappy, Book Promotions en Leserskring/Leisure Books, waarby Kalahari.net ingelyf is. Media24 is 'n afdeling van Naspers, wat die meeste van die Afrikaanse dag- en weekblaaie, Afrikaanse tydskrifte en gemeenskapskoerante besit.

Riana Barnard (2005:91) plaas NB-Uitgewers se markposisie egter soos volg in perspektief: "Alhoewel NB-Uitgewers saam met Struik die markleiers is, besit nie een van die twee meer as 10 persent van die mark nie. Hierdie gegewe is afhanklik van die feit dat 73 persent van uitgewersinkomste in Suid-Afrika afkomstig is uit verkope van ingevoerde boeke.⁸ Daar is dus geen geleentheid vir NB-Uitgewers om hom as 'n groot rolspeler te gedra of om deur samestellings en oornames markdominansie as strategie aan te voer nie. Die mededinging van die buiteland is net té omvangryk, té oorweldigend."

LAPA-Uitgewers is deel van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), wat tans 'n ledetal van net oor die 60 000 volwasse lede⁹ het. ATKV-lede het die voordeel dat hulle die Afrikaanse kultuurtydskrif *Die Taalgenoot* ontvang, asook dat hulle afslag kry op boeke wat deur LAPA gepubliseer word, en toegang tot die ATKV se vakansie-oorde. Hoewel LAPA nie normaalweg as 'n uitgewer van digbundels gereken word nie, hou een van hul skrywers, Hans du Plessis, die rekord vir die digbundel wat die beste nog in Afrikaans verkoop het: 54 000 eksemplare van *Innie skylte vannie Jirre* oor 'n tydperk van sewe jaar. Van die opvolg, *Boegoe vannie liefde*, is 10 000 oor 'n tydperk van vyf jaar verkoop (Volschenk 2007).¹⁰

Protea Boekhuis is 'n Eiendomsmaatskappy wat uit die uitgewery Protea Boekhuis en 'n reeks algemene en akademiese boekwinkels in Pretoria, Stellenbosch, Nelspruit en Potchefstroom bestaan. Volgens Stassen (2007) was van sy oorwegings om sekere van hierdie winkels te open om sy uitgewery se boeke meer blootstelling te gee. "As die boeke [Protea Boekhuis s'n] op die rak is, verkoop dit," meen Stassen (2007).

Nie een van hierdie uitgewers konsentreer uitsluitlik op die Afrikaanse of die Afrikaanse literêre mark nie. Al drie het ook al kinder- en jeugboeke, biografieë, woordeboeke, ekonomiese en filosofiese tekste en boeke oor fotografie, genealogie, kuns, musiek, politiek, selfhelpboeke, stokperdjies, kookkuns, populêre sielkunde, teologie, wetenskap en van 'n opvoedkundige aard gepubliseer.

3.3 Kleiner uitgewerye, instansies en selfuitgewers

Volgens Venter (2006:365–372) se indeling van uitgewershuise kan die meeste van die kleiner uitgewerye (of hulle by PASA geregistreer is of nie) die beste as "onafhanklike eenman-uitgewery[e]" geklassifiseer word. Hieronder tel uitgewerye soos Bent (die inisiatief van Johann de Jager), Snail Press (Gus Ferguson), Litera Publikasies (Theresa Papenfus),¹¹ Hemel & See (Petrovna Metelerkamp), Genugtig! (die Nagtegaal-familie), Praag (Dan Roodt¹²), Forum Press (Ian Raper) en Publiself (Jorrie Jordaan).

Al hierdie uitgewers kan egter nie saam gekategoriseer word nie. Veral Theresa Papenfus en Petrovna Metelerkamp moet uitgesonder word. Die gehalte van hul publikasies is in alle opsigte – werwing, keuring, taalversorging, ontwerp en bemarking – veel hoër as dié van enige van die ander genoemde uitgewers, waarskynlik omdat hulle kundige betrokkenheid vanuit die bedryf bekom. Hierdie twee uitgewers dra die finansiële verantwoordelikheid vir die titels in hul katalogusse en het met enkele titels groot sukses behaal.

Uitgewerye soos Bent en Publiself gee selde (indien ooit) boeke uit waarvoor hulle die finansiële risiko dra (dus "vanity"-uitgewers), en is waarskynlik die uitgewerye waarna Adendorff (2006:3) verwys wanneer sy praat van "minder ervare uitgewershuise" waarvan die publikasies gekenmerk word deur "swak redaksionele begeleiding en tegniese versorging". Dit is heel moontlik ook hierdie publikasies waarna Johann Lodewyk Marais en Joan Hambidge (in Adendorff 2006)¹³ verwys as dié wat mank gaan aan behoorlike keuring, en wat gekenmerk word deur swak samestelling en die afwesigheid van verantwoordelings en/of inleidings tot bloemlesings (Odendaal 2006; Olivier 2007b).

Die kern van die onderskeid tussen al die uitgewers lê in die gebruik van professionele dienste. Die professionele uitgeeproses verg ideaal gesproke: voldoende kapitaal; kundige keurders en manuskriptontwikkelaars wat steun op ingeligte (en aangeskrewe) opinies oor die spesifieke genres en tekste; 'n goeie

redakteur; 'n professionele redigeerder of taalversorger (nie noodwendig 'n taalonderwyser nie!); 'n professionele uitlegkunstenaar wat oor kennis van boekontwerp beskik; 'n voorbladontwerper wat kennis dra van 'n produk se bemarkbaarheid; 'n tegniese proefleser; 'n drukker wat goeie druk- en bindgehalte kan verseker; en 'n aktiewe bemarker. In gevestigde uitgewerye verrig verskillende individue hierdie take. In die geval van selfpublikasies of kleiner uitgewerye is waarskynlik een of dalk twee persone (of dalk die skrywer self) vir al hierdie take verantwoordelik.

Die rol van die persoon wat vir manuskriptontwikkeling verantwoordelik is, behoort deeglik ondersoek te word (iets waarvoor daar nie ruimte in hierdie artikel is nie). Sommige digters is van mening dat die individu wat bemoei is met die teks, die samestelling, die keuse, die storie, die verloop, en nie net die taalversorging nie, vir sommiges skrywers een van die waardevolste bydraes is wat 'n uitgawer tot 'n produk kan lewer.

Omslagontwerp speel weer 'n groot rol in die bemarkbaarheid en verkope van boeke – iets waaraan die meeste selfpublikasies dikwels mank gaan. Lesers en resensente sien mooi (en noemenswaardige) ontwerpe raak. Positiewe kommentaar word gelewer op byvoorbeeld die omslagontwerpe van Jürgen Fromm (Greeff 2004) en Etienne van Duyker (Aucamp 2007), asook die keuse van omslagfoto's deur Strijdom van der Merwe¹⁴ en kunswerke deur Karlien de Villiers (op die omslag van Danie Marais *In die buitenste ruimte*) (Hambidge 2006a; Nel 2006), Pienaar van Niekerk (op die omslag van Louis Esterhuizen se bundel *Sloper*) (Coetzee 2004) en Adriaan van Zyl (op die omslag van Lina Spies se bundel *Duskant die einders*) (Loots 2004).

Volgens Adendorff (2003) poog die meeste van die kleiner uitgewerye om 'n produk saam met die skrywer te ontwerp, soos in die geval van Fenomeen en Suider Kollege Uitgewers – iets wat gevestigde uitgewers normaalweg ten alle koste vermy.

Op die selfuitgewerslys tref ons oudergewoonte die name van die bekende selfgepubliseerde skrywers Floris A. Brown en Johann P. Boshoff aan. Hierdie digters gee al vir 'n geruime tyd self hul bundels uit. 'n Paar uitsonderings val egter op, onder wie die reeds gepubliseerde digters Bonaventure Hinwood¹⁵ en Cornelius van der Merwe¹⁶ – wat hul dichterlike reputasie erg skade aangedoen het met hul onsuksesvolle selfpublikasies (Odendaal 2004a; Olivier 2005a) – asook Johan van Wyk,¹⁷ Willem Kotzé,¹⁸ Wilhelm Knobel¹⁹ en Jan de Bruyn.²⁰ Enkele bundels op die selfpublikasielys en by kleiner uitgewershuiwe wat positiewe kommentaar ontlok het, is dié van Jan de Bruyn (John 2004; Groenewald 2005), Jak de Priester (Bouwer 2006), Joan Hambidge (Liebenberg 2007; Cloete 2007; Ferrus 2007), Willem D. Kotzé (Malan 2004) en Hennie Nortjé (Hambidge 2007b).

Belangrike kwessies waaraan self- en randuitgewers aandag behoort te gee, is die gebruik van 'n ISBN, traliekodes, en die lewering van eksemplare aan die pligleweringsbiblioteke. “[W]hat made something a ‘real book’ ... was official listing through the registration of an international standard book number (ISBN). As well as being a highly practical tool, this number was a critical sign that the book had officially entered the real world of bookstores, libraries and searchable listings of bibliographical data” (Cope & Phillips 2006:5). Dit verklaar ook die groot diskrepansie tussen navorsers se syfers wanneer ander publikasies as net dié deur gevestigde uitgewers in berekening gebring word.²¹ Opname in biblioteke verseker nie verkope nie. As hierdie publikasies nie in die openbare domein opgeneem word nie, kry hulle geen blootstelling nie en sal hulle nie maklik in die handel verkoop nie – iets wat weer negatiewe gevolge vir kanonisering en verdere publikasiegeleenthede inhou.

Hans Pienaar (2005:4) wys op die aweregse voordeel wat selfpublikasie vir die digter inhoud – interaksie met sy lesers: "Ek het twee drukke gedoen en elke keer die gedigte verbeter aan die hand van die lesers se reaksie." Hy ontken egter nie dat selfpublikasie die skrywer se reputasie groot skade kan berokken nie – wat aansluit by Adendorff (2003:73) se uitspraak: "Sonder 'n deeglike uitgewerstruktuur kan manuskripte nie boeke word nie en kan lesers nie boeke lees nie. Die uitgewer vervul ... die belangrikste rol as *mediator* tussen die produsent en die gebruiker." Sonder hierdie struktuur is daar dus geen "ware" boekpublikasie nie.

3.4 Die begrip *hoofstroomuitgewer*

Odendaal (2006d) verwys in sy bestekopname na die aantal titels waarvoor uitgewers wat digbundels publiseer, in 'n sekere tydperk verantwoordelik was. Op grond hiervan skep hy 'n rangorde van uitgewers en steun hy Adendorff (2003:92) se uitspraak dat "Protea Boekhuis ... tans as 'n hoofstroomuitgewer beskou [moet] word". Adendorff het tot hierdie gevolgtrekking gekom deur te kyk na die "status" van die individuele skrywers, en Odendaal tot sý gevolgtrekking na aanleiding van die sukses met die aantal solobundels wat in 2000–2003 gepubliseer is.

So 'n uitspraak is egter in twee opsigte problematies: Die term *hoofstroomuitgewer* is uitgedien – en nie sonder 'n politieke konnotasie nie. Dit is 'n term wat gebruik is vir uitgewers wat voor 1994 die hoofstroompolitiek van die dag ondersteun het. Let in dié verband op die debat rondom die politieke rol van Nasionale Pers in *Beeld* se kultuurbylaag, *By*, in Desember 2007 tot Februarie 2008. Hierteenoor het sogenaamde "alternatiewe uitgewers" soos Taurus en Hond tot stand gekom – uitgewers wat hulle doelbewus teen die regering se beleid verset het, andersoortige tekste gepubliseer het en swaar onder sensuurwetgewing deurgeloop het. Die tweede probleem met so 'n uitspraak is die feit dat die aantal titels in 'n katalogus nie werklik 'n aanduiding van die winsgewendheid van die uitgewer se produkte gee nie. As die bemarking en verspreiding van publikasies nie voldoende aandag geniet nie, gaan dit 'n negatiewe invloed op die beskikbaarheid, sigbaarheid, verkoopsyfer, outeursaandeel en kanoniseringsmoontlikhede hê. Die afwesigheid by veral internasionale boekfeeste beteken ook dat tekste nie maklik vertaal sal word nie. 'n Gevestigde uitgewer is dus vir meer as bloot die publikasie van manuskripte verantwoordelik; blote publikasie is die rol van rand- en "vanity"-uitgewers.

3.5 Gevestigde uitgewers en die kwessie van "status"

Adendorff (2003) en Odendaal (2006d) verwys na NB-Uitgewers as "hoofstroomuitgewers". Dit impliseer die uitgewers met die hoogste status. Soos reeds genoem, meen albei dat Protea Boekhuis as 'n "hoofstroomuitgewer" geklassifiseer behoort te word vanweë die feit dat al meer gevestigde en bekroonde skrywers hierdie uitgewery kies. Dit beteken dat skrywers wat 'n sekere status in die literêre wêrld besit, status aan 'n uitgewer kan verleen deur by die betrokke uitgewer te publiseer. Stassen (2007) meen dat die status van 'n uitgewer ook bepaal word deur die personeel wat in diens van die betrokke uitgewery staan.

Hierdie kategorisering is nie so eenvoudig as wat dit op die oog af lyk nie. Wat gebeur byvoorbeeld met "skrywers van status" wanneer hulle by kleiner uitgewers publiseer? Baat die uitgewers (met min of geen status) by die status van die skrywers, of neem die skrywers se status outomaties af – veral as die

kwaliteit van die produkte wat randuitgewers die mark probeer instoot, in ag geneem word?

'n Selfs nog belangriker statuskwessie kom ter sprake wanneer "gevestigde" uitgewers "vanity publishing" pleeg deur 'n skrywer se werk onder hul embleem uit te gee, maar die skrywer self daarvoor laat betaal. Verdien hierdie skrywer die status wat die uitgewer aan hom of haar verleen as in ag geneem word dat die produk nie gepubliseer sou gewees het sonder die skrywer se finansiële inset nie? Het uitgewers dus 'n verantwoordelikheid teenoor kopers om aan te dui dat 'n publikasie deur die oueur gefinansier is, soos in die geval van ander produktes waar befondsing "verklaar" word?

4. Hoe vergelyk die huidige syfers met die bestekopnames van Adendorff (2003 en 2006) en Odendaal (2001 en 2006)?

Volgens Adendorff (2006) is daar heelwat kleiner uitgewers wat 'n groot bydrae tot publikasiesyfers gelewer het. Van die vier instansies waarna sy verwys – Gnomic Press ('n drukkersnaam van Snail Press), Bent, Suider Kollege Uitgewers en Fenomeen – is dit egter slegs Bent wat (ná 'n tydelike sluiting) steeds tekste publiseer. By Gnomic Press het daar sedert 2000 nie 'n enkele publikasie verskyn nie; Suider Kollege Uitgewers publiseer ná die dood van Ronnie Belcher in 2006 ook geen tekste meer nie; en Francois Weideman van Fenomeen het die stryd om poësie gewonne gegee toe hy finansieel in die moeilikheid beland het.

De Jager (2007) van Bent sê hy weens die swak kwaliteit van die manuskripte wat skrywers graag deur middel van hul "vanity"-dienste wou publiseer, genoodsaak om die drukkersnaam Bellettris hiervoor te skep. Ook Jorrie Jordaan (2007) van Publiself verwys na die probleme wat hy met die kwaliteit van tekste het. Jordaan meen dat van die manuskripte so swak is dat Publiself nie hul naam daaraan wil koppel nie, uit vrees dat dit hulle ander publikasies en die maatskappy se naam skade sal aandoen.

Enkele ander gerekende uitgewers tree ook in die betrokke tydperk tot die publisering van digbundels toe: LAPA publiseer vier bundels deur enkeldigters,²² en Umuzi spog met die nuwe verse van Antjie Krog in Afrikaans én Engels – 'n tendens wat sedertdien in die Afrikaanse digkuns begin posvat het.²³

Maar ook nuwe uitgewersname kom na vore: Genugtig! Uitgewers publiseer die werk van twee gerekende Afrikaanse vrouedigtters, Joan Hambidge (2006) en Jeanne Goosen (2007), die Genugtig! 2006-bloemlesing vir digters onder 30, en Roux van Zyl se debuutbundel, *Nodelose woorde* (2007), sowel as Elna Crouse se *Gestalte van 'n dogter in konfigurasie*; Praag publiseer die Eugène N. Marais "Winternag"-huldigingsbundel onder redakteurskap van Johann Lodewyk Marais (2006), asook H.P. van Coller se Afrikaanse keur en vertaling van die Nederlandse digter Luuk Gruwez (2007); en Litera publiseer in 2004 'n eksklusiewe grootformaatuitgawe met tien Boerneef gedigte en die bladmusiek van die toonsettings daarvan.

4.1 Rolspelende uitgewers se voorname

Adendorff (2003) sit in haar studie die uitgewers se toekomsplanne uiteen: NB poog steeds om die heel beste bundels uit te gee – 'n prestasie wat hulle oor jare volgehou het. By hulle verskyn die werke van onder andere Breyten Breytenbach (Human & Rousseau, 2005 en 2007), T.T. Cloete (Tafelberg, 2007), Sheila Cussons (Tafelberg, 2006), Elisabeth Eybers (Human & Rousseau, 2004), Ingrid Jonker (Tafelberg, 2006), Antjie Krog (Human & Rousseau en Kwela, 2004), Ina

Rousseau (Human & Rousseau, 2004) en Wilma Stockenström (Human & Rousseau, 2007).

Die bydrae wat hierdie (en ander) gevestigde digters lewer tot die totale aantal publikasies wat verskyn, kan nie onderskat word nie. Tenoor die skrale nege debuutbundels (vier deur Protea Boekhuis en vyf deur NB uitgegee), verskyn daar 35 digbundels deur enkeldigters (17 by Protea Boekhuis, 12 by NB en ses by ander PASA-geregistreerde uitgewers).

4.1.1 Nasionale Boekhandel

NB het in 2004–2007 heelwat meer bundels in die mark beskikbaar gestel as in die vorige vyf jaar – en hard gewerk aan die ontwikkeling van nuwe talent deur die voortsetting van die *Nuwe stemme*-projek (waarvan volume 3 onder redakteurskap van Antjie Krog en Alfred Schaffer verskyn het) (Tafelberg, 2005), asook die projek *DigBy* in die bylae *By van Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*. Albei hierdie inisiatiewe bied ongepubliseerde digters die geleentheid om hulle werk in te skryf, publikasie in die koerant te haal, en ook die vooruitsig van moontlike publikasie in 'n bloemlesing wat by Tafelberg gaan verskyn. Hierdie inisiatiewe bevestig Barnard se uitspraak dat Tafelberg "[i]n moeilike markomstandighede poog ... om geleenthede te skep vir jong Afrikaanse digters" (Loots, 2005b:4).

NB se syfers vir die tydperk 2004–2007 sien soos volg daar uit:

	Human & Rousseau	Tafelberg	Kwela	Ander
Solobundels	5	5	2	
Debuutbundels	1	4	0	
Versamelbundels	4	1	0	
Bloemlesings	0	1	0	1 ²⁴
Vertalings	0	0	1	1 ²⁵
Herdrukke	4	3	0	
Groottotaal	33	14	3	2

4.1.2 Protea Boekhuis

By Protea Boekhuis staan sake heel anders. Hoewel dié uitgewery volgens Stassen tussen 10 en 12 debuutbundels per jaar sou publiseer, en dit sou probeer opstoot na 15 per jaar (Adendorff 2003), gebeur dit nie. Stassen (2007) verklaar in 'n onderhoud dat daar te min digters is wie se werk gepubliseer kán word. Hy voel ook dat uitgewers onder onnodige druk geplaas word om skrywers te ontwikkel, nuwe talent te ontdek (en te ontwikkel) en digbundels te publiseer – iets waarvoor uitgewers nie verantwoordelik gehou kan word deur die digters of die beperkte leserspubliek nie. Volgens hom is die werke wat wel verskyn, en die kwaliteit daarvan, belangriker as die aantal wat verskyn (Stassen 2007).

NB steek Protea Boekhuis verby met die aantal debuut- en versamelbundels wat gepubliseer is, maar die twee uitgewers loop min of meer gelyk wat die aantal bloemlesings en versamelbundels betref. Protea Boekhuis publiseer egter steeds die grootste aantal vertalings.²⁶ Hulle beperk hul herdrukke tot slegs een, en gee al meer solobundels van digters uit. Skrywers soos Marius Crous, Louis Esterhuizen, Joan Hambidge, Daniel Hugo, Marlise Joubert, Kobus Lombard, Johann Lodewyk Marais, Cas Vos en M.M. Walters publiseer almal meer as een bundel by dié uitgewer. Ook Zandra Bezuidenhout, die selfgepubliseerde en bekroonde digter, kry in 2006 'n tuiste by Protea Boekhuis.

Hannes van Zyl is van mening dat boeke goedkoper word om te maak, maar duurder om te bemark (Barnard 2006:37). Nieuwoudt meen die persepsie bestaan dat Protea Boekhuis min doen om hul boeke te bemark (Adendorff 2003). Stassen (2007) sê egter dat daar reeds veranderinge aangebring is om hierdie probleem op te los. Volgens my mening gaan bemarking nie noodwendig 'n invloed hê op die toenemend krimpende kopersmark, wat uitgewers soms noop om klein oplae (200–500) te druk nie.

Protea Boekhuis stig in 2004 'n nuwe drukkersnaam, Suikerbos, waarmee hulle volgens Olivier (2004a:13) "hoop om nuwe nismarkte te betree". Suikerbos publiseer die twee Afrikaanse vertalings van die Belgiese sanger Stef Bos²⁷ se bundels (in samewerking met die Belgiese uitgiver Lanoo) en die debuutbundel van die digter (en Protea se regadviseur) Piet de Jager. Al drie hierdie tekste is – in teenstelling met produkte onder die Protea-embleem – in luukse formaat as volkleur-hardebandbundels gepubliseer, wat duidelik daarop dui dat geldelike steun betrokke was. Die tekste steun ook swaar op die visuele werk wat daarin opgeneem is.

Protea Boekhuis se publikasiesyfers sien soos volg daar uit:

	Protea Boekhuis	Suikerbos
Solobundels	17	
Debuutbundels	3	1
Versamelbundels	3	
Bloemlesings	4	
Vertalings	3	2
Herdrukke	1	
Groottotaal	34	3

5. Digdebute en die verskynsel van bloemlesings vir debutante

In 'n onderhoud met Danie Marais vra Nel (2006) aan Marais hoe hy oor die skeiding voel wat daar tussen gevestigde digters en debutante gemaak word. Dit is 'n geldige vraag, want in resensies oor die *Versindaba 2005*-bundel, byvoorbeeld, kan jy jou maar regmaak om van "ringkoppe", "penkoppe" en "snotkoppe" (Viljoen 2006b:15) te lees; van "gevestigdes" teenoor "opkomendes" (Brand 2006:8); "jonges" (Coetzee 2005b:13) en "ontluikendes" (Odendaal 2006c:8); of, nog beter, om te sien hoe "die reeds gekanoniseerde, dié op pad na kanonisering en dié wat nog net begin het" (Coetzee 2006:27) gelys word.

Stassen kondig in 2002 aan dat Protea Boekhuis vier debutante se werk gaan publiseer (kyk in dié verband Adendorff 2003:97), van wie twee afkomstig is uit die *Nuwe stemme*-reeks: Petrus de Kock en Toast Coetzer. Die derde voornemende debutant, Jac Kritzinger, ontrek sy bundel ná probleme met 'n keurder (Kritzinger 2007), en Marius Crous word die enigste digter wie se (uiteindelik bekroonde) debuutbundel in dié jaar verskyn. Jac Kritzinger en Petrus de Kock meen albei die keurder was 'n probleem, maar die uitgewer meen jong digters wil nie die spreekwoordelike "elbow grease" insit om die gehalte van 'n manuskrip te verbeter nie (Stassen 2007). Daar verskyn nietemin in die betrokke tydperk nie minder nie as vyf debuutbundels by NB, vier by Protea Boekhuis en een by Genugtig!, en heelwat by randuitgewers en as selfpublikasies.

Bloemlesings vir debutante of sogenoamde jong (met verwysing na ouderdom) digters is 'n interessante fenomeen in die Afrikaanse poësie. Die *Nuwe stemme*-reeks skop in 1999 af met die eerste volume onder die redakteurskap van George Weideman en Anastasia de Vries. Daarna volg die tweede volume in 2001 onder die samestellerskap van Petra Müller en Nelleke de Jager. Soos reeds genoem, verskyn die derde volume in 2005 onder die samestellerskap van Antjie Krog en Alfred Schaffer. Altesaam lewer hierdie projek 56²⁸ potensiële debutante op. Van hulle verskyn egter slegs sewe se debuutbundels: Martjie Bosman (Protea Boekhuis, 2002), Sarina Dönges (Protea Boekhuis, 2004), Gilbert Gibson (Tafelberg, 2004 & 2007), Danie Marais (Tafelberg, 2006), Bernard Odendaal (Tafelberg, 2007), Hans Pienaar (self, 2002) en Ilse van Staden (Tafelberg, 2003). Odendaal (2005c:18) meen (tereg?) dat "die poësiekeurders van NB-Uitgewers hoofsaaklik korrek was in hulle oordele dat die digters van die *Nuwe stemme*-reeks se werk meestal nie ryp was om as solobundels uitgegee te word nie".

In 2004–2007 word egter meer debutante wat nié aan die *Nuwe stemme*-projek gekoppel was nie, se bundels gepubliseer: Christine Barkhuizen le Roux (Suider Kollege Uitgewers, 2003), Andries Bezuidenhout (Protea Boekhuis, 2007), Jak de Priester (self, 2005), Willem Kühn (Human & Rousseau, 2005), Carina Stander (Tafelberg, 2006), Johannes van Jerusalem (Protea Boekhuis, 2006) en Roux van Zyl (Genugtig!, 2007).

In 2006 verskyn 'n samestelling van die werk van 12 digters onder die ouderdom van 30 jaar by Genugtig! Uitgewers, 'n projek wat egter nie in 2007 herhaal is nie. Dié uitgewer se onbekwame onderrok hang in die uitgewersnota uit: "Na vele oorwegings is daar besluit om geen redigering aan te bring nie ... [die tekste word geplaas] ... soos dit uit verskillende jong skrywers se penne gevloei het ..." (Genugtig!, 2006).²⁹ Hierdie bundel (en ander bundels deur dié uitgewery) gaan boonop ook mank aan versorging.

Oor die "boekuitgawe" van *Karapaks 5* (saamgestel deur Charl-Pierre Naudé) se *My ousie is 'n blom: Eie stembuigings* ontstaan heelwat vrae. Naudé neem die verse op van sewe gevestigde digters,³⁰ nege skrywers uit die *Nuwe stemme*-reeks³¹ (van wie agt uit *Nuwe stemme 3*), beide die samestellers van *Nuwe stemme 3* (vergelyk Odendaal 2006b), en ses "onbekende" digters.³² Waarom sou hierdie bundel so kort op die hakke van *Nuwe stemme* verskyn – boonop met die herhaling van Krog se verse wat in *Verweerskrif* verskyn het? En hoe beland Naudé se vertalings van Schaffer se verse skielik in 'n bundel "eiestemmige Afrikaanse verse"? (Kyk in dié verband na Odendaal 2006b.)

6. Die kwessie van volhoubaarheid

In 'n artikel in 'n onlangse *By* vra Hambidge (2007e) kritiese vrae oor die volhoubaarheid van digitalent. Visagie (2007:76) sê tereg dat die tweede digbundel gewoonlik 'n "groter uitdaging [is] omdat dit 'n aanduiding gee of hy sal kan voldoen aan die hoë verwagtinge wat deur sy aanvanklike sukses verwek is" – maar moet daar so lank wag word vir tweede en verdere bundels?

In 2004–2007 verskyn 'n hele klomp bundels van digters wat vrae oor volhoubaarheid laat ontstaan. Die langverwagte derde (selfgepubliseerde) bundel van Jan de Bruyn verskyn 17 jaar ná die tweede; tussen I.L. de Villiers³³ se vyfde en sesde bundel verloop 27 jaar; Jeanne Goosen³⁴ neem 22 jaar om haar derde bundel die lig te laat sien; Mari Grobler³⁵ se tweede bundel verskyn 14 jaar ná haar debuutbundel; Melanie Grobler³⁶ neem 13 jaar om haar tweede bundel te laat verskyn, en Hendrik Januarie³⁷ 18 jaar; Chris Lombard³⁸ se derde digbundel

verskyn tien jaar ná die tweede; daar verloop 37 jaar tussen die publikasie van George Louw³⁹ se derde en vierde bundels, en tien jaar tussen Dolf van Niekerk⁴⁰ se tweede en derde bundels; dit neem Rudolph Willemse⁴¹ 23 jaar om weer te publiseer ná sy "onindrukwekkende" debuutbundel (*Odendaal* 2005b:6), *Kweekskool*, en Anton Goosen 26 jaar ná die verskyning van sy liriekboek, *Liedjieboer, lirieke met ghitaarakkoorde* (Tafelberg, 1981), om weer te publiseer – dié keer *Hitte vannie teerpad* (Protea Boekhuis, 2007), met ou gunstelinge, maar sonder die akkoorde. Binne 'n redelik kort tydperk verskyn daar egter vyf debutante se tweede werke: Christine Barkhuizen le Roux (Suider Kollege Uitgewers, 2000; LAPA, 2006), Zandra Bezuidenhout (Suider Kollege Uitgewers, 2000; Protea Boekhuis, 2006), Marius Crous (Protea Boekhuis, 2003 en 2006), Gilbert Gibson (Tafelberg, 2005 en 2007) en Kobus Lombard (Protea Boekhuis, 2001 en 2005).

7. Bloemlesings, versamelbundels, geleentheidsbundels en vertalings

Stassen beskou bloemlesings as 'n goedkoop wyse om poësie te publiseer; 'n konserwatiewe manier om risiko's te omseil (Adendorff 2003). Hoewel Barnard daarop wys dat versamelbundels as oplossing vir die tekort aan publiseringmoontlikhede kan dien (Adendorff 2003), verskyn daar uit 'n totaal van 33 publikasies in die betrokke tydperk by NB vyf versamelbundels of keure en twee bloemlesings: *Nuwe stemme 3* (Tafelberg, 2005), en vir die skoleboekmark, *Woordreise* (Nasou Via Afrika, 2004). Uit die 179 bundels wat in hierdie tyd verskyn, is 28 bloemlesings. By Protea Boekhuis verskyn vier bloemlesings, waarvan drie geleentheidsbundels vir Versindaba is, en drie versamelbundels.

Dit is egter onder die selfpublikasies en by randuitgewers dat versamelbundels oorheers – en nie altyd met onbekende samestellers nie. Daar verskyn 'n hele aantal titels by Bent, en een elk by Publifself, Genugtig!, Rapid Access Media (onder redakteurskap van Louis Esterhuizen en Peter Snyders), Praag (onder redakteurskap van Johann Lodewyk Marais)⁴² en Snail Press (onder redakteurskap van Charl-Pierre Naudé).

Instansies en/of organisasies speel ook 'n groot rol in dié publikasies, maar laat twyfel oor die volhoubaarheid daarvan. Die Woordgilde, wat elke jaar sedert 1987 bloemlesings uitgee, publiseer jaarliks twee antologieë met werke van hul lede (volumes 61–68 verskyn in hierdie tydperk); die Breedvallei Dichters publiseer slegs in 2004 'n versameling van hul lede se werk; en die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) en die Poetry Institute of Africa⁴³ dra elk twee bundels tot die statistiek by.

Die versamelde werke van Elisabeth Eybers verskyn in 2004 by Human & Rousseau, asook dié van Ingrid Jonker (oorspronklik in 1975 uitgegee en in 1983, 1994 en 2006 herdruk), Sheila Cussons (Tafelberg, 2006), Eugène Marais (Protea Boekhuis, 2005) en Breyten Breytenbach se versamelde tronkgedigte (Human & Rousseau, 2005).

Op die lysie geleentheidsbundels is daar die drie Versindaba-bundels (2005–2007) en bundels wat saam met digters se verjaardae verskyn: Phil du Plessis se *Woordweer* (Protea Boekhuis, 2004) by geleentheid van die digter se 60ste verjaardag; *Valreep/Stirrup-cup* by geleentheid van Eybers se 90ste verjaardag (Human & Rousseau, 2005); die herdruk (met 'n beperkte oplaat van 200) van *Saad uit die septer* (Protea Boekhuis, 2005) by geleentheid van Daniel Hugo se

50ste verjaardag; en *Om te onthou* (Protea Boekhuis, 2006) by geleentheid van Barend Toerien se 80ste verjaardag.

Nie minder nie as nege vertaalde werke verskyn in hierdie tydperk, waarvan vyf in parallelnaamvorm: *Die elektries gelaaise hand*, 'n keur uit die werk van Gerrit Komrij, vertaal deur Daniel Hugo (Protea Boekhuis, 2006); *Bandelose gedigte*, 'n keur uit die werk van Luuk Gruwez, vertaal deur H.P. van Coller (Praag, 2007); *Duino-elegieë* deur Rainer Maria Rilke, vertaal deur H.J. Pieterse (Protea Boekhuis, 2007); *Valreep/Stirrup-cup*, met 15 "Afrikaanse gedigte en 15 Engelse weergawes daarvan, of 'n mens kan ook sê Engelse gedigte met Afrikaanse weergawes" (Cloete 2005:17); en *Swerfsange: Liedere van die Basotho-mynwerkers*. Nog 'n vertaalde bloemlesing is M.M. Walters se "oorsettings" van Japannese gedigte in Afrikaans via die brugtaal Engels, *Aki Nu Kure* (Protea Boekhuis, 2006).

'n Keur uit Wilma Stockenström se verse word deur Johann de Lange vertaal en verskyn as *The wisdom of water* (Human & Rousseau, 2007). Beide Antjie Krog en Charl-Pierre Naudé verwerk, omdig en herskryf self aan hul onderskeie Engelse vertalings, *Body bereft* (Umuzi, 2006) en *Against the Light* (Protea Boekhuis, 2007).

8. Tydskrifte

Het ons al vergeet watter belangrike rol die sogenaamde "little magazines" en ander tydskrifte in die ontwikkeling en sigbaarmaking van jong en/of onervare digters gespeel het? Gilbert Gibson het byvoorbeeld – soos talle duidelik vergeet het – eintlik sy stem in *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde* laat hoor, en nie in *Nuwe stemme 2*, soos beweer word. nie (Coetzee 2006). Naudé (2004:11) meen tereg: "[d]aar is miskien 'n 'halfwegstasie' tussen die gevestigde uitgewerye en selfpubliseerders nodig om aspirante van hulp te wees." Ook Johann Lodewyk Marais wys op die tekort aan publiseringsgeleenthede wanneer hy sê dat hierdie geleenthede ook "tydskrifte waarvan ons tans heeltemal te min het – of wat heeltemal te min benut word", insluit (Prins 2006:3).

Volgens Adendorff (2003) is die enigste akademiese tydskrif wat kreatiewe skryfkuns plaas, *Tydskrif vir Letterkunde*. Wat akademiese tydskrifte betref, word daar tans publiseringsgeleenthede in *Literator*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en *Ensovoort* gebied. Die maandblad *Die Vrye Afrikaan*, onder redakteurskap van die filosoof/skrywer Johan Rossouw, publiseer ook by geleentheid gedigte.⁴⁴ Die tydskrif *Spilpunt* lewer in Mei 2004 tot November 2005 ses uitgawes en staan heelwat ruimte aan kreatiewe werk, en veral poësie, af.

Ons Klyntji is 'n ongereelde, maar min of meer tweejaarlikse publikasie wat eers onder redakteurskap van Koos Kombuis gestaan het, maar tans deur Toast Coetzer en Erns Grundling bedryf word. Hoewel hierdie tydskrif alles van musiekresensies tot bizarre e-pos-boodskappe dek, tref ons hierin weer die name aan van digters met wie daar ook in bloemlesings, tydskrifte, aanlynjoernale en webwerwe kennis gemaak is.⁴⁵

Ander Afrikaanse tydskrifte wat spesifiek op boeke en/of letterkunde konsentreer, en veral aan selfpublikasies die nodige blootstelling gee (en wat deesdae ook met die bemarking en verspreiding van hierdie publikasies behulpsaam is), is: *Kakkerlak*, 'n tydskrif wat kwartaalliks verskyn en tans 'n sirkulasiesyfer van 15 000 het (dit staan egter geen noemenswaardige plek af aan dié wat publiseringsgeleenthede soek nie), en *Insig*, wat herleef het onder die nuwe baadjie *Boeke-Insig*, met Irna van Zyl as redakteur.

Na my mening is die nismark van tydskrifte wat publiseringseleenthede bied, vervang deur webwerwe waar digters hul werk makliker kan voorlê en vinniger terugvoer kan ontvang.

9. Gedigte op die internet – PoësieNet vs. www.woes.co.za

Met die publisering van gedigte op die internet is daar al meer gereeld vrae oor die kwaliteit van die werk en wat daaromtrent gedoen word. Die gewildste webwerf vir die publisering van gedigte is die literêr betrokke en kwaliteitgedreve LitNet. Dié internetjoernaal bestaan sedert Januarie 1999 en word tans as 'n gesamentlike onderneming deur Ligitprops 3042 BK en 24.com bedryf, met Etienne van Heerden as stigterredakteur. Onder die "redaksie" tel tans 447 bydraers, sewe kernmedewerkers en 27 medewerkers (LitNet 2006), en die hele webwerf bedien gemiddeld 40 000 individue per maand (Bruwer 2007). Sedert die ontstaan van LitNet het die werk van honderde gepubliseerde en ongepubliseerde digters (let op die onderskeid wat hulle tref) hier verskyn. Die digters se werk word deur 'n PoësieNet-redakteur aan kwaliteitsbeheer onderwerp. Digters kan 'n maksimum van vyf gedigte aan die redakteur voorlê, maar kry geen terugvoer as die tekste nie vir publikasie aanvaar word nie.

LitNet bied egter die jaarlikse Sanlam|LitNet-aanlynskryfskole aan, wat om die beurt prosa- en poësiewerke inneem. "'n Kortverhaal of gedig elk van vyf skrywers of digters word op die internet geplaas, waarna die inwonende skrywers kommentaar op elkeen van die verhale lewer ... Lesers kan die skryf- en skaafproses, en ook die keurders se kommentaar, enduit op SkryfNet volg" (LitNet 2007).⁴⁶

'n Voorbeeld van die sogenaamde "ongereguleerde" webwerwe is dié van die entrepreneur Willem Gous. Die webwerf www.woes.co.za, wat al twee keer met 'n Pendoring-toekenning bekroon is, "is 'n eenstop Afrikaanse portaal vir skeppers in Afrikaans asook alle Afrikaanse organisasies". Die leuse? "Kreatiewe platform vir Afrikaans". Hierdie webwerf (met oor die 250 000 individuele bladsye!) bedien tans meer as 40 000 individue wat deur middel van 'n registrasieproses toegang tot inligting en verskillende dienste bekom. In die argief van die gedigteblad lê meer as 13 800 gedigte – wat met ongeveer 50 gedigte per dag aangroe! Hierdie webwerf bedien ook 1 550 "skrywers" deur die publisering van hul ongekeurde (en laegehalte-) tekste – maar met 'n paar bonusse: 'n skakel na waar die leser terugvoer op individuele tekste kan gee, sowel as 'n "vriendeskapskakel" deur middel waarvan die skrywers as "aanlynvriende" met mekaar kan kommunikeer. Dié skakel laat 'n skrywer se aanlynvriende weet wanneer daar nuwe werk van hom of haar op die webwerf verskyn het.

Volgens Gous (2007) is een van Woes se gewildste skrywers Petronella de Beer. Sy is verantwoordelik vir 60 gedigte en 491 terugvoerstukke, en het 'n astronomiese 28 695 (!) besoekers en 102 aanlynvriende wat haar werk volg (Gous 2007). Miskien daarom dat Hans Pienaar (2005:4) vra: "Hoekom ... moet mens aangaan oor die uitgee van digbundels as daar 'n halfmiljoen gedigte op die internet is?"

10. E-boeke

Hoewel groot verwagtinge gekoester is oor produkontwikkeling op die gebied van elektroniese boeke en e-bundels, verskyn net twee van hierdie bundels – beide onder die vaandel van Ian Raper se Forum Press. *Klikspringer: 30 digters*⁴⁷ is 'n

multimedia-bloemlesing met die werk van 30 digters wat ook 'n klankbaan met enkele voorlesings bevat. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Afrikaanse poësie dat 'n bloemlesing "primêr op kompakskyf verskyn" (Viljoen 2006a:15). Maar, soos die meeste produkte wat by randuitgewers verskyn, is hierdie projek nie volmaak nie. In *Klikspringer: 30 digters* ontbreek 'n inhoudsopgawe, op plekke is die klankgehalte swak, en volgens Viljoen (2006a:15) "benut die skyf nie die moontlikhede van die digitale medium ten volle nie". 'n Tweede volume word vir 2008 in die vooruitsig gestel.

Twee van Lieb Sauermann se bundels verskyn in 2005 by Forum-Pers – een in e-boek-formaat en een in boekformaat.

11. Toonsettings, musiek en bladmusiek

Ook op die gebied van kommersiële toonsettings vaar die poësie nie so goed as wat Adendorff in haar opname in 2003 voorspel het nie. Die vier gewildste en/of bekendste produkte is sekerlik Chris Chameleon⁴⁸ se Ingrid Jonker-toonsettings, Herman van den Berg se vertolking van Brel in Afrikaans⁴⁹ (beide word onder die etiket van Select Music bemark), Riku Lätti se toonsetting en vertolking van die werk van die Herzogpryswenner H.J. Pieterse se verse uit *Die burg van Hertog Bloubaard* (Tafelberg, 2000), en Wynand Strydom se toonsettings van 12 Francis Grobler-gedigte uit die bundel *Pyltjies in die sand* (Griffel Media, 2007).

Gert Vlok Nel geniet baie aftrek in Nederland met sy vertonings van *Beaufort-Wes se beautifulste woorde* – in so 'n mate dat sy debuutbundel weer ná 14 jaar herdruk word met die oog op internasionale verspreiding.

Op die gebied van klassieke musiek is daar Ferdie Greyling en Linette van der Merwe se toonsettings van Eugène Marais, N.P. van Wyk Louw en Ingrid Jonker se werk wat op die CD *Droomuur* verskyn; Hendrik Hofmeyr se *Sinfonia Africana* en *Choral music*, wat toonsettings van die werk van Boerneef, N.P. van Wyk Louw, Eugène N. Marais, D.J. Opperman, C.M. van den Heever, Elisabeth Eybers en Wilhelm Knobel bevat; Dirk de Klerk se toonsettings van enkele verse van W.E.G. Louw, Eugène N. Marais, Boerneef, I.D. du Plessis, Elisabeth Eybers en C.Louis Leipoldt vir die uitvoering *Vlugge ewigheid*; Paul Loeb van Zuilenburg se toonsettings van ses gedigte van R.K. Belcher en Frans Claerhout; en M. Veenemans s'n van enkele verse van Van Bruggen, Leipoldt, A.D. Keet en A.G. Visser.

Net twee CD's met voorlesings verskyn. Die eerste is Kabous Verwoerd se voorlesing *Beenkamers en gange*, wat ná vele onsuksesvolle pogings by musiekmaatskappye sowel as uitgewerye self gefinansier en uitgegee word. Op hierdie CD lees hy sy eie gedigte voor teen agtergrondmusiek van onder andere Henry Steel, Schalk van der Merwe, Jonathan Martin, Piet Botha en Lukraakkitaar. Verwoerd sowel as Breyten Breytenbach se CD's *Mondmusiek* en *Lady One* kan ook by RhythmRecords se RhythOnline Music Store as enkele snitte gekoop word. In 2007 bring Nasou Via Afrika 'n CD met die voorlesings van enkele gedigte in die bundel *Versreise* (2007) uit. Hierdie CD, sowel as die oorspronklike publikasie, is hoofsaaklik op die skolemark gerig.

12. DVD's en visuele werke

Afrikaanse-poësie-rekordhouer Hans du Plessis se bundel *Hier neffens my word reeds* in 2003 deur Wicomb getoonset en landswyd opgevoer. In 2004 verskyn daar 'n DVD-weergawe van een van hierdie opvoerings. Eugène Terre'Blanche

betree die veld van die digkuns met 'n reusebegrotingproduksie deur die filmmaatskappy 11.3% Motion Pictures. Hierdie DVD het verskyn ná sy paroolvoorwaardes verstryk het en hy weer as openbare figuur optree.

